

Sewende week na Epifanie

23 Februarie

Eksodus 24:12-18

Die magtige teenwoordigheid van die Here

Ysbreker

Vertel ons van 'n oomblik, dag of tyd in jou lewe wat vir jou so wonderlik was, dat jy dit jou lewe lank sal onthou.

Lof en aanbidding

Ons is in die Here se heilige teenwoordigheid. Kom ons loof Hom nou vir wat Hy doen en aanbid Hom vir Wie Hy is. Raak dan stil by Hom. Beleef die voorreg om intiem by Hom te mag wees. Sien hoe Hy met liefde en waardering na jou kyk. Rus net in die oomblik. Dink daaraan hoe jy graag vir iemand anders sal wil vertel van die oomblikke in stilte by jou God.

Woord

Eks.24:12-18

1. Lees die verse asof jy self daar is. Hoor die Here se woorde: Klim na My toe en vertoef daar... sien hoe jy dit doen. Sien die wolk, en hoe jy die wolk ingaan. Wat gebeur in jou?
2. Die Here nooi vir Moses na Hom toe. Waarom? (Verse 12-13)
3. Hoe sou jy gevoel het as jy een van die leiers was? (Vers 14)
4. Waarvan is die wolk 'n simbool en wat gebeur wanneer Moses die berg uitklim (Verse 15, 18)?
5. Wat sien die volk van die Here? (Vers 16)
6. Dink nou weer in stilte oor die wonderlike oomblikke van Moses in die wolk. Vergelyk dit met jou oomblikke in die teenwoordigheid van die Here jou God. Praat in stilte met Hom daaroor.

Bedien mekaar

Draai 3-3 na mekaar toe. Deel julle behoeftes met mekaar en dra mekaar op aan die Here wat met sy magtige teenwoordigheid by julle is.

Uitsending

Op watter maniere kan die groep die komende week die heerlike teenwoordigheid van die Here gaan beleef en deel met ander?